HOE BENADER JY HOM?

Lukas 7:36-50

36 Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het die Fariseër se huis binnegegaan en vir ete aangeleun. 37 En kyk, daar was 'n sondige vrou in die dorp wat gehoor het dat Hy by die Fariseër se huis gaan eet het. Sy het 'n albasterfles vol reukolie gevat 38 en agter Jesus, by sy voete, gaan staan. Sy het gehuil en begin om sy voete met haar trane nat te maak.

Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die reukolie ingevryf. 39 Toe die Fariseër wat Hom uitgenooi het, dit sien, het hy in sy hart gedink, as hierdie man 'n profeet was, sou hy tog geweet het wie dit is wat hom aanraak en watter soort vrou sy is, dat sy 'n sondige vrou is. 40 Maar Jesus het vir hom gesê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” “Sê maar, Meester!” antwoord hy.

41 “Twee mense was by 'n sekere geldskieter in die skuld. Die een het vyfhonderd denarius geskuld, en die ander vyftig. 42 Omdat hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy albei se skuld kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?” 43 Simon het geantwoord: “Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het.” En Jesus sê vir hom: “Jy het reg geoordeel.”

44 Toe het Hy omgedraai na die vrou en vir Simon gesê: “Sien jy hierdie vrou? Toe Ek by jou huis ingestap het, het jy nie eers vir my water vir my voete gegee nie, maar sy het my voete met haar trane nat gemaak en met haar hare afgedroog. 45 Jy het My nie 'n soen gegee nie, maar sy het, vandat Ek hier aangekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. 46 Jy het my kop nie met olyfolie gesalf nie,

maar sy het my voete met reukolie ingevryf. 47 Daarom sê Ek vir jou, haar sondes – en dit was baie – is vergewe, omdat(dit is daarom dat) sy baie liefde betoon het. Maar die een vir wie min vergewe word, het min liefde.” 48 En vir haar het Hy gesê: “Jou sondes is vergewe.”

49 Toe begin die mense wat aangeleun het vir ete
onder mekaar sê: “Wie is hierdie man, dat hy
selfs sondes vergewe?” 50 Maar Jesus het vir die
vrou gesê: “Jou geloof het jou gered. Gaan in
vrede.”

Dankie tog

Fariseër wat Hom uitgenooi het, dit sien, het hy in sy hart gedink, as hierdie man 'n profeet was, sou hy tog geweet het wie dit is wat hom aanraak en watter soort vrou sy is, dat sy 'n sondige vrou is.

Lk 7:29–30.

29Al die mense, ook die tollenaars, het na hom geluister en was aan die wil van God gehoorsaam. Hulle het hulle met die doop van Johannes laat doop. 30Net die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling van God verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.

Lk 18:9–14.

9Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:
10“Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was ’n Fariseër en die ander een ’n tollenaar. 11Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie.

12Ek vas twee keer in die week en ek gee ’n tiende van my hele inkomste.’13“Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’14“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is.

Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.”

Mat 21:31.

Toe sê Jesus vir hulle: “Dit verseker Ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in.

Gal 6:4–5.

4Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van ’n ander te vergelyk. 5Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

Dankie Here

Sy het 'n albasterfles vol reukolie gevat 38 en agter Jesus, by sy voete, gaan staan. Sy het gehuil en begin om sy voete met haar trane nat te maak. Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die reukolie ingevryf.

Ps 9:11.

11Daarom vertrou almal
wat u Naam bely, op U,
want U, Here,
laat dié wat vra na u wil,
nie in die steek nie.

Ps 51:19.

19Die offer wat U wil hê, o God,
is verootmoediging:
U sal ’n hart vol ootmoed en berou
nie gering ag nie, o God.

Jak 2:13.

13Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

Ef 2:3–7.3

So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. 4Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.

5Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! 6Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, 7sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.

Rom 10:9–13.

9As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en
met jou hart glo dat God Hom uit die dood
opgewek het, sal jy gered word. 10Met die hart
glo ons, en ons word vrygespreek; en met die
mond bely ons, en ons word gered. 11Die Skrif sê
tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel
word nie.”

12“Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, 13want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

1 Joh 1:8

“8 If we say we have no sin [refusing to admit that we are sinners], we delude and lead ourselves astray, and the Truth [which the Gospel presents] is not in us [does not dwell in our hearts]. 9 If we [freely] admit that we have sinned and confess our sins, He is faithful and just (true to His own nature and promises) and will forgive our sins [dismiss our lawlessness] and [continuously] cleanse us from all unrighteousness [everything not in conformity to His will in purpose, thought, and action].

Nagmaal

Joh 6:35.

35Maar Jesus sê vir hulle: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.

Joh 6:37.

37“Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.”